# NHSV SWELLENDAM

Ds Stoffel en Mev Dibbie Botha was van 1965 tot 1971 'n geliefde predikantspaar in Swellendam. Tannie Dibbie is in Januarie 2015 oorlede en ons innige meegevoel gaan aan haar naasbestaandes. Haar pragtige skilderwerk en die NHSV groetekaartjies met die blomme, is goed bekend.

Die loodglasvensters in die voorportaal van ons kerkgebou vertel ook van haar kunstalent en haar geloof. Sy het die vensters ontwerp en gemaak en dit is in 1968 in gebruik geneem met die gemeente se 10-jarige bestaan. Elke venster het aanvanklik bestaan uit 'n glasplaat waarop die ontwerp met lood aangebring en met glasverf geverf is. In 2008, met die gemeente se vyftigste bestaansjaar-vierings, is dit nuut oorgeverf, maar dit het mettertyd weer verbleik. Op inisiatief van Mev Mifanwy van Nieuwenhuizen het die NHSV van Swellendam die vensters in 2012 laat restoureer - egte loodglasruite is laat maak.

Mifanwy het die lyne van die ontwerp van die twee vensters afgetrek en ons is daarmee na René Gort van Hero Stained Glass op Napier. René het met fyn aanvoeling en goeie oordeel, die restourasie gedoen. Die oorspronklike ontwerp se kleure is behou en glas met verskillende teksture is gebruik. Die vensters is pragtig en herinner ons aan ons verkondig van die kruisiging, opstanding en hemelvaart van die Here Jesus Christus.

Ronél Joubert

Loodglasvensters

Mifanwy van Nieuwenhuizen
en René Gort

Mifanwy van Nieuwenhuizen en
Ronél Joubert